

1.

waarom sal my hand teerheid in jou wang opsoek?
 waarom sal ek my haas as ek hoor dat jy koud is, of bang
 as die ganse uitpansel uitmekaar uit skiet soos iets in woede gesmyt?

watter sin maak jou wang
 as brute swaartekrag ysklip tot stofvergruis?
 as botsings puin nalaat en nuwe venynige kraakwarm kerne
 wat mane verslind, kleiner sterre verskeur, oppervlakte verbrysel
 en sterre in swerms op yswolke teer of gevriesde glimmende gasfonteine

waarom sal ek omgee
 omring van brandende ligbolle
 blitsende helium, skroeiende sonwind, inslagkraters?

watter nut het teerheid
 teen gravitasie kolke waar supernovas so gewelddadig ineenstort
 dat selfs lig nie daaruit ontsnap nie

o agtergelate putte van duisternis
 o swart gate van vernietiging waar niks anders as geweld standhou nie

wat baat koestering
 as sonnestelsels van mekaar wegsuis
 met verterende temperature en onweetbare spoede?
 as 'n middelpuntlose heelal wat alle ruimte vul
 ruimte maak wat nie ruimte was nie
 waarin donker energie en ongesiene, ongesêde swart materies
 dreig om 'n paar fragmentariese ligkraaltjies te oorweldig

2.

maar staafspirale bestaan, sê jy
 die lieflike vere-rige slanke spiraalarme van ons sterrestesels bestaan
 in 'n dromende ballet, sê jy, van waas en wentelbaan
 en die stadig polsende lewensloop van sterre
 staafspirale bestaan, sê jy, en suurstof en kwasars
 en newelagtige baarmoeders waaruit protosterre duiselig spat
 kolkings, newels en sterrehoop bestaan
 kwasars bestaan en suurstof
 en die ontsaglike lig aan die buitewyke van die sigbare heelal, sê jy
 spiraalarme bestaan, die melkweg bestaan
 rustige wentelbane bestaan, die beminning van mane
 getye en ewigdurende ewewig, dit alles bestaan sê jy

maar dit is die sterre as priemsels lig op 'n stil someraand
 wat ons in wentelbane van uitreiking hou
 elke keer as ons na mekaar toe draai om om te gee
 doen ons dit onder 'n druisende baldakyn van sterre

Antjie Krog (1952) is een Zuid-Afrikaanse digter en skryfster.
 Zij debuteerde in 1970 en heeft sindsdien vele bundels en boeken
 in Afrikaans en Engels gepubliceerd.

* Die geboorte van 'n tweeling ster is ontdek deur die Berlynse astronoom,
 Hans Zinnecker. HH212 word simmetries uitgepomp deur 'n onsigbare
 protoster naby die Perdekop Nebula in die Orion konstellasie. Die hele
 gedig is geskryf in samewerking met Zinnecker as deel van 'n projek van die
 Calouste Gulbenkian Foundation om digters en astronome te laat saamwerk.

3. (HH 212*) Simmetrie

aanvanklik besef jy nie die skyfvormige wolk se magsvermeerderingsug
 wat gasfonteine in teenoorgestelde rigtings vuur nie –
 hulle pols glimmend salragtige strale wat
 semi-minsaam ontwig en boem-boems bots
 hits mekaar aan tot sigbaarheid: kyk terug hoe vanuit
 haar uitklowende elmoë, die ster nou simmetries begin snoer
 na albei kante toe aan uitgeskropte skroei-wit werweltjies lig.
 na albei kante toe aan uitgeskropte skroei-wit werweltjies lig.
 haar uitklowende elmoë, begin die ster nou simmetries snoer
 hits mekaar aan tot sigbaarheid: kyk terug hoe vanuit
 semi-minsaam ontwig en boem-boems gebots
 hulle pols glimmend salragtige strale wat
 gasfonteine in teenoorgestelde rigtings vuur –
 aanvanklik besef jy nie die skyfvormige wolk se magsvermeerderingsug

4.

dit is met my liggaam wat ek die pokdalige Mercurius verstaan
 luglose liggaam met haar kern van yster

dit is met my liggaam wat ek die sonwind van Venus weer
 die inferno daarvan, die oranje lug, die vretende asuurblou swaelsuur
 en daarvan stadig, stadig en anderkant-toe-om draai

dis met my liggaam wat ek die Aarde omhels
 ons waterplaneet bomsend met die ligte vingerafdrukke van wasem

dis met my liggaam waarmee ek stofstorms ploeg uit Mars
 oker, yskoue, sulfurbevlekte woestynplaneet

dit is deur my liggaam wat ek jou gevange twee maantjies begin meet

dit is deur my liggaam wat die enormiteit van Jupiter my oorheers
 die magtige spoed, die sirkulerende boos-rooi sweer, die massa mane
 in romerige bane, rokende fladderende patrone en metaal tinte
 kan sy driekwart van die sonnestelsel in haar liggaam pak

net deur my liggaam kan ek die vriesende beeldskone Saturnus bemin
 die stil geel lig, die liefkosende gevangenis van ringe
 die ruimtes tussen die ringe, die gladheid daarvan
 die uitgelatenheid van perfekte vorm en die lieflike kanteling van lyf
 so lig is jy, Saturnus, jy kan op water dryf

dit is met my liggaam dat ek na die pèrelloog van Uranus kan staar
 op haar sy geval, gevallene, metaan-swaar

dit is deur my liggaam dat ek die blou donker Neptunus gewaar
 mompelend onder gas-oseane, verborge, nors, vriesend
 met 'n nimmereindigende westewind aan die uithoeke van die heelal

in 'n uitpansel van organiese geweld
 is dit net ons smal benerige sterflike liggame, geliefde
 wat as stemvurk
 van hoe om vir mekaar om te gee
 vibreer

Literatuur

— Christensen, I. (2006) *Alphabet*, translated by Susanna Nied in the volume edited
 by Eliot Weinberger: *International World beat poetry now*. New Directions Publishing
 Corporation, NY. — Kerrod, R. (MMVI) *Atlas van de sterrenhemel*. Zuidnederlandse
 Uitgeverij, Aartselaar, België. — Pasachoff, Jay, M. (2006) *Astronomy – Peterson first
 guides*. — *Astronomy now*, februari 2008, Kent, Groot-Brittannië. — *Wetenschap in beeld*,
 3/2008, Amsterdam. — *Zenit*, maart 2008, Utrecht.
http://outreach.jach.hawaii.edu/pressroom/2000_spinningjets/index.html
<http://astro.kent.ac.uk/mds/Papers/hh212-smith.pdf>
<http://www.mieliestronk.com/galaktika.html>